

# Saterdag 16 Oktober

Skrifgedeelte: 2 Korintiërs 1:1-11

Fokusgedeelte: 2 Korintiërs 1:3-5

## **God troos ons deur Christus, sodat ons ander kan troos**

Een van ons grootste uitdagings in die lewe is om nie moedeloos te word en in wanhoop te verval nie. Daar is soveel uitdagings, struikelblokke, verdrukking en lyding in die wêreld rondom ons. Hoe kan ons as kerk mekaar troos?

Paulus begin sy tweede brief aan die Korintiërs deur God te loof as die Vader van ontferminge en die God van alle vertroosting. Hoe heerlik om te besef dat ons Vader vanaf sy hemelstroon Hom oor ons ontferm! Hy het meegevoel en gee waarlik vir ons, sy kinders, om. Maar die lof gaan nog verder, omdat God se ontferming ook oorgaan in daadwerlike hulp en vertroosting.

Hoe help en vertroos die Here ons? Paulus sê: "... ons troos is oorfloedig deur Christus." Ons enigste troos in lewe en in sterwe lê tog in Christus se sterwe en opstanding! Want ons is nou in Christus tot 'n nuwe lewe opgewek! 'n Lewe waar daar steeds lyding gaan wees, maar waar ons altyd op God wat die ewige lewe werk, kan vertrou. God wat alles kan vermag, sal ons bemoedig en versterk om te kan volhard.

Ons lyding fokus immers nie ons aandag net op die gebrokenheid van die lewe en op die gevolge van die sondeval nie. Dit rig ons oë juis vorentoe, op die heerlikheid van die herskepping en verlossing wat ons Here Jesus Christus bring deur die kruis. En dit laat ons al meer uitsien na die heerlikheid wat ons Here vir ons verseker aan die anderkant van die graf. Van hierdie enigste troos in Christus moet ons lewens getuig in tye van nood, want so kan ons lyding ook tot troos en versterking wees vir ander. Mag ons God in voorspoed en in druk altyd loof as die Vader van ontferminge en die God van alle vertroosting!

*Sing: Psalm 46-1:1, 3*

*Ds. PR Gouws (Retief) (Dendron/Magalakwin)*